

# LIGGAAMDEURPRIEMING (Body Piercing)

## 'n Terugkeer na die heidendom

In van die mees onverwagte plekke kom ons te staan voor 'n oplewing in die ou heidense stamgebruike van insnydings in die vel, liggaamlike deursteking en liggaamskending. Neusringe, wenkbrouinge, buikringe, tongknopies, veelvoudige ooringe, tepelringe, tatoeëring en ander mismakthede is nie maar net 'n herkenbare kultuurgroep nie – dit is alles deel van 'n aanvallende mode standpunt waarmee die Christenkerk uitgedaag word.

“Julle mag ook ter wille van 'n dooie geen snye in julle vlees maak nie en geen **ingeprikte tekening** in julle vel maak nie. Ek is die HERE.” Levitikus 19:28

Dit is jammer dat meeste van dié wat in die kerk die leiding neem swyg oor hierdie praktyk, selfs terwyl sommige jeugleiers en Bybel-kollege studente hulleself oorgee aan hierdie soort verandering van hulle liggame.

“Hulle mag op hulle hoof geen kaalte maak ... en in hulle vlees geen insnyding maak nie. Heilig moet hulle aan hulle God wees en die Naam van hulle God nie onheilig nie ... daarom moet hulle heilig wees.” Levitikus 21:5 – 6